

5 September

Skrifgedeelte: Matteus 6:9-13

Fokusgedeelte: Matteus 6:10b; Heidelbergse Kategismus Sondag 49

Laat ek asseblief net u wil doen!

As ek bid: *Laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel*, wie wil ek hê moet optree? Ek of God? Ek kan baie maklik dink: Dit is iets wat God Self moet doen. Ek moet net bid dat Hy dit sal doen en dan sal Hy Self sy wil laat geskied.

Die Kategismus sê egter dit beteken: Gee dat ons en alle mense ons eie wil prysgee om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëpraterij gehoorsaam te wees, sodat elkeen sy amp en beroep net so gewillig en getrou kan uitvoer soos die engele in die hemel.

Dit is dus 'n gebed dat God my sal help om my eie wil prys te gee, sodat ek sy wil sal gehoorsaam. Dit is iets wat ons in een sinnetjie vra, maar dit lê 'n geweldige verantwoordelikheid op ons. Ons is mos van nature eiewillig. Dit is juis hierdie wil van ons eie waarvan ons ontslae moet raak. Om opreg te bid: *Laat u wil geskied*, behels dus dat jy bereid moet wees om jou eie wil prys te gee. Sonder gebed is dit egter onmoontlik.

Is u al gereed om hierdie ingrypende, lewensveranderende gebed opreg en met oortuiging te bid? Is u bereid om u wil te verloën en prys te gee, of is dit vir u nog te lekker om u eie wil te doen? Juis as dit nog vir my te lekker is om my wil te doen en nie God se wil nie, juis dan moet ek meer gereeld en ernstig bid: *Laat u wil geskied*, want my wil is sleg en lei tot die ewige dood, maar u wil en u wil alleen is goed en lei tot die ewige lewe.

Wat kies u? God se wil of u eie wil? Onthou net, sonder gebed sal u verkeerd kies!

Sing: Skrifberyming 28:1, 2 (10-1)

Ds. HPM van Rhyn (Pretoria-Noord)